

Logos Gemeente van Christus

Die sewende seël

Op 8:1-5 (Skriflesing Op 6:9-17, Op 8:1-5)

28 Junie 2020

In Op 4 en 5 het ons geleer van die hemelse troonvisioen wat Johannes gesien het. In God se hand was 'n boekrol geseël met sewe seëls. Hoofstuk 6 het die oopmaak van die eerste 6 seëls beskryf. Die eerste 4 het gepaard gegaan met allerlei vorms van swaar tye hier op aarde. Die 5de seël het die gelowiges wat gesterf het a.g.v. hulle getrouheid aan die Woord van God, beskryf waar hulle siele in die hemel is, en die 6de seël het die ongelowiges beskryf met die aanbreek van die finale oordeelsdag. Laasweek het ons na Hoofstuk 7 gekyk. In hierdie hoofstuk het ons 'n beskrywing gekry van die mense wat staande sal bly tot en selfs deur die oordeelsdag – hulle is natuurlik die wat gemerk is met die seël van die lewende God, wat 'n heenwysing is na die werk van die Heilige Gees wat hulle beseël as die eiendom van God, en wat ook aan hulle die waarborg gee dat hulle na hierdie lewe deel van die groot menigte in die hemel sal wees.

Vandag kom ons dus by die oopmaak van die 7de seël. Ek wil die oopmaak van hierdie seël oordink onder die volgende hoofpunte:

- Die 7de seël as beskrywing van die finale oordeelsdag
- Die 7de seël as oorgang na die 7 trompette
- Die 7de seël en ons gebede

Die 7de seël as beskrywing van die finale oordeelsdag

Die oopmaak van die 5de seël het vir ons beskryf dat die gelowiges wat in die hemel was, die volgende vraag gevra het: “Hoe lank nog, heilige en getroue Heerser? Wanneer voltrek U die oordeel en wreek U ons dood op die bewoners van die aarde?” (Op 6:10) Die antwoord aan hulle was dat hulle nog 'n rukkie moet wag totdat hulle medegelowiges wat ook doodgemaak moet word, ook daar is. Die 6de seël het daarna gevolg en vir ons beskryf wat met die aanbreek van die oordeelsdag gebeur. Die detail wat beskryf was, was egter beperk tot wat hier op aarde gebeur: die impak op die skepping en die ongelowiges se reaksie – maar dit het nog nie die werklike oordeel self beskryf nie. Hoofstuk 7 sou beskryf kon word as 'n onderbreking om die vraag van die ongelowiges te antwoord oor wie staande kan bly. Mens sou dus verwag dat die 7de seël 'n verdere beskrywing van die oordeelsdag sou wees. Boonop sou dit in lyn wees met wat beskryf word met die blaas van die 7de trompet (Op 11:18), en die uitgooi van die 7de bak (Op 16:17-18).

Kom ons kyk na wat gebeur met die oopmaak van hierdie seël. Vers 1 beskryf dat dit gepaard gegaan het met 'n halfuur stilte in die hemel. Om dit te verstaan moet ons teruggaan na van die klein profete. Ek verwys net na 2 gedeeltes: Hab 2:20-3:6. In hoofstuk 2 word die oordeel oor die Galdeërs beskryf. Die hoofstuk sluit af met die stelling dat almal nou moet stil wees. Hoofstuk 3 beskryf God as Hy kom om te oordeel. Stilte gaan dus die oordeel vooraf. Kyk ook na Sef 1:7. Hier word ook weer aanbeveel dat stilte gepas is, want die dag van die Here (d.w.s. die oordeelsdag) is op hande. Die gebruik van die term uur word ook dikwels in Openbaring geassosieer met die skielike koms van die oordeelsdag. Kyk na Op 3:3 (OAV) en Op 18:10 waar die val van Babilon beskryf word. Hierdie halfuur stilte in die hemel sou dus gepas wees as ons hier lees van die finale oordeelsdag.

In vers 2 beskryf Johannes dat hy 7 engele voor God sien staan het en aan wie 7 trompette gegee is. Daar word niks verder oor hulle gesê nie, en ons lees eers weer in vers 6 van hulle. Ek kom later na hulle terug.

Kom ons kyk nou na verse 3-4. Hier word 'n ander engel beskryf wat by die altaar staan met 'n goue wierookbak. Hy ontvang baie wierook – waarskynlik van God af, en dan offer hy hierdie wierook saam met die gebede van die gelowiges op die altaar. Die wierook en die gebede van die gelowiges styg dan saam op voor God se troon. Onthou nou wat ons met die oopmaak van die 5de seël gelees het. Daar was ook 'n altaar, en daar was ook 'n gebed van die afgestorwe gelowiges. Mens sou verwag dit is dieselfde altaar en dieselfde gebed – of ten minste ook dieselfde gebed. Daar het hulle juis gebid hoe lank nog voor God gaan oordeel. Dit sou goed pas as die gebede wat hier in die 7de seël beskryf word sou uitloop op die oordeel.

Ons het hier 'n assosiasie tussen wierook en die gebede van gelowiges. Wierook kom op verskeie plekke in die Bybel voor. Kom ons kyk na 'n paar:

- Kom ons dink nou eers terug aan die Ou Testamentiese tabernakel. Die wierookofferaltaar het reg voor die voorhangsel gestaan. Agter die voorhangsel was die Verbondsark – dus God se troon. Soggens en saans moes die priesters wierook op die altaar offer. Die geur van die wierook het deur die voorhangsel heen beweeg en dan op voor God se troon. Duidelik was die wierook 'n aangename geur voor God.
- Kyk ook na die Groot Versoendag. In Lev 16:12-13 word daar vir Aaron voorgeskryf dat hy kole van die altaar moet vat asook twee handevol wierook en daarmee agter die voorhangsel ingaan. Die rook van die wierook moet die versoendeksel op die verbondsark bedek. Hy het dus met bloed en wierook agter die voorhangsel ingegaan om versoening te doen vir sy en die volk se sondes.
- Kyk ook na Op 5:8 waar ons ook gelees het van 'n goue bak vol wierook. In hierdie geval is die wierook beskryf as die gebede van die gelowiges.
- Dink ook aan Psalm 141:2 waaraan Jasper ons die afgelope week herinner het: “Mag my gebed voor U wees soos 'n wierookoffer” (NAV) – weereens duidelik 'n offer wat vir God welgevallig is.

Maar daar is tog iets baie unieks in hierdie verse: hier word nie gesê die wierook is die gebede nie (wat wel in Op 5:8 gesê word), hier styg die gebede saam met die wierook op voor God. Dit lyk of daar iets meer is as net die gebede – maar dit moet tog so nou verweef wees met die gebede dat dit in Op 5 as die gebede genoem word. Ek dink Hendriksen het 'n punt as hy na die volgende verwys: Lees Rom 8:26-27. As ons nie weet wat om te bid nie, bid die Heilige Gees saam met ons volgens God se wil. Kan jy jou dit indink wat 'n aangename geur dit voor God moet wees as Sy kinders tot Hom bid – maar deur die werk van die Heilige Gees is hierdie gebede perfek in lyn met God se wil. Lees ook Rom 8:34. Boonop tree die Lam ook nog vir ons in by die Vader. Maar hierdie voorspraak van die Lam en die bede van die Heilige Gees is in ons gebede ingeweef – en dit alles is 'n aangename geur voor God.

Hierdie gebede het egter 'n groot effek. Volgens vers 5 is die gevolg dat die engel die wierookbak vol kole maak en op die aarde gooi. En die gevolg daarvan is dat daar donderslae, dreunings, weerligte en 'n aardbewing gekom het. Vergelyk nou weer met Op 11:19 (blaas van die sewende trompet) en Op 16:18 (die uitgooi van die sewende bak) – telkens word in hierdie beskrywings van die finale oordeel dieselfde effekte beskryf. Wat weereens onderstreep ons het hier 'n beskrywing van die finale oordeel. Dink ook terug aan Eks 19:10, 14-16 destyds by die berg Sinai: Daar is die volk aangesê om hulleself te reining voor God na die berg sou neerdaal – wat gepaard gegaan het met

dreunings, donderslae, weerligte en 'n aardbewing. Indien hulle dit nie gedoen het nie, sou hulle sterwe. Dieselfde geld hier: dit is alleen die wat wit klere aan het wat gewas is in die bloed van die Lam wat staande sal bly wanneer die oordeel kom, wat gepaard gaan met donderslae, dreunings, weerligte en 'n aardbewing.

Die 6de seël beskryf dus die aanbreek van die oordeelsdag, terwyl die 7de seël die oordeel self beskryf. Toegegee – nie in detail nie, later in die boek word meer detail gegee, maar hier tog in hooftrekke. Let ook op: die oordeelsdag breek aan in reaksie op die gelowiges se gebed: “Hoe lank nog? Wanneer voltrek U die oordeel?”

Die 7de seël as oorgang na die 7 trompette

Bo en behalwe 'n beskrywing van die finale oordeel, is daar nog iets waarvan ons moet kennis neem in hierdie paar verse. In vers 2 lees ons dat daar sewe engele voor God gestaan het, en dat daar aan hulle sewe trompette gegee is. Ons lees niks verder van hulle tydens die oopmaak van die sewende seël nie. Dit is eers in vers 6 dat ons lees dat hierdie engele gereedmaak om op hulle trompette te blaas. Ons sal later in detail kyk na wat gebeur as hulle die trompette blaas, maar dit lui basies 'n hele nuwe onderdeel van die Boek Openbaring in, waar verskeie oordele weer die aarde tref, die keer meer spesifiek gemik op die ongelowiges. Met die eerste lees voel dit of vers 2 uit plek is. Dit sou meer gepas wees om vers 2 te verskuif na tussen verse 5 en 6. Behalwe natuurlik as daar 'n spesifieke doel hiermee is.

Ek dink Beale het 'n goeie verklaring van wat hier gebeur. Let mooi op na wat in verse 3-5 beskryf word: die gebede van die gelowiges wat saam met die wierook voor God opstyg en aanleiding gee dat die engel kole van die altaar op die aarde gooi, wat aanleiding gee tot die dreunings, donderslae, weerligte en aardbewing – wat 'n beskrywing van die finale oordeel is. Maar daar is nog 'n effek: die 7 engele begin om hulle trompette te blaas. Die bede van die gelowiges dra nie net by tot die finale oordeel nie, dit dra ook by dat God voor die finale oordeel reeds oordele na die wêreld stuur, juis ook om die ongelowiges te konfronteer sodat hulle hulle bekeer – kyk maar net na Op 9:20.

Kan ek 'n paar slotopmerkings oor die sewe seëls maak. Ek is oortuig die sewe seëls se doel is primêr gemik op gelowiges om hulle te bemoedig en die regte perspektief te gee op wat hulle kan verwag in die periode tussen Jesus se hemelvaart en Sy wederkoms. My motivering hiervoor is soos volg:

- Dit is so dat die eerste 4 seëls nie eksklusief op gelowiges gemik is nie. Dink byvoorbeeld aan die 4de seël wat beskryf dat 'n kwart van die mense doodgemaak word deur die swaard, hongersnood, pes en wilde diere. Natuurlik tref hierdie rampe meer as net gelowiges – maar dit tref gelowiges ook.
- Die 5de seël fokus spesifiek op die gelowiges wat doodgemaak is a.g.v. hulle getrouheid aan die Woord. Die troos vir hulle is, hulle siele is in die hemel waar hulle rus in die wete dat die Lam sal toesien dat al hulle medegelowiges ook daar sal kom.
- Die 6de seël beskryf wel die lot van die ongelowiges met die aanbreek van die oordeelsdag – maar dit volg na aanleiding van die vraag van die gelowiges: Hoe lank nog? Wanneer voltrek U die oordeel? Dit is 'n antwoord op hulle vraag.
- Op 7 is op sy eie 'n geweldige bemoediging vir die gelowiges. Na aanleiding van die vraag van die ongelowiges oor wie staande sal bly, word hulle die versekering gegee dat dit die gelowiges is – juis omdat hulle geseël is met die seël van die Lewende God, wat ook die Naam van God en die Lam en die Nuwe Jerusalem is – en wat ten diepste die werk van die Heilige Gees is. Boonop het hulle die waarborg dat hulle ook deel sal word van die groot menigte in die hemel – met alles wat daarmee saamgaan.

- En met die 7de seël word hulle daaraan herinner dat hulle gebede selfs meewerk in die uitwerk van die oordeelsdag, en ook die ander oordele van God!
- As jy dit alles klaar gelees het, begin jy verstaan hoekom dit “seëls” genoem word – dit staan vas en seker, veral vir die wat self ook geseëldes is! Dit is iets heeltemal anders as wat ons nou gaan lees oor die trompette – ‘n trompet waarsku! Die geseëldheid van die geseëldes word beskryf met die oopmaak van die seëls.

Die 7de seël en ons gebede

Ek wil afsluit deur ‘n paar opmerkings te maak oor wat die impak van al hierdie dinge behoort te wees op ons gebede:

- Eerstens moet ons onthou ons gebede word geassosieer of selfs geïdentifiseer met wierook, wat duidelik as ‘n aangename geur voor God opstyg. Dit is verstommend dat ons stamelende gebede wat so dikwels primêr op ons eie belange fokus, so ‘n hoë aansien voor God het. Hier is dit nuttig om te onthou ons gebede styg saam met die wierook voor God op, m.a.w. dit styg op saam met wat die Heilige Gees namens ons en in lyn met die wil van die Vader bid, en ook saam met die voorspraak van die Lam voor die Vader. Dink aan die Groot Versoendag as die hoëpriester met bloed en wierook agter die voorhangsel ingaan: as ons bid tree die Lam, wie se bloed gevloei het, vir ons in, en die Heilige Gees bid saam met ons. Dit is kosbaar voor God!
- Tweedens moet ons onthou die gebed van ‘n gelowige het groot krag – natuurlik veral omdat die Heilige Gees dit belyn met die wil van God. Let op die groot effekte wat die gebede van gelowiges het:
 - Dit is in respons op die gebede van die gelowiges dat die engel vuurkole op die aarde gooi en die oordeelsdag aanbreek!
 - Dit is in respons op die gebede van gelowiges dat die sewe engele op hulle sewe trompette begin blaas om die ongelowiges te waarsku oor sonde, geregtigheid en die komende oordeel!
 - Boonop, lees weer Rom 8:26-28. Die gelowiges bid, en die Heilige Gees bid saam met hulle – en dan maak Paulus die stelling: “Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir die wat Hom liefhet, die wat volgens Sy besluit geroep is”, en kan ons maar byvoeg, die wat gemerk is met die seël van die Lewende God. Ja, hulle kan nog doodgemaak word weens hulle getrouheid aan die Woord van God – maar hulle sal bly staan, en eventueel sal hulle voor die troon en die Lam en die 4 lewende wesens en die 24 ouderlinge staan en sing van hulle redding!
- Derdens wil ek herhaal wat ek ‘n paar weke gelede gesê het. Onthou, ons is priesters en konings. Hoe meer ek hieroor dink, hoe duideliker word dit hoe ‘n groot rol ons gebede speel in die uitvoer van beide hierdie rolle. Dis tog o.a. in ons gebede dat ons as priesters God se lof besing en Hom prys vir wie Hy is en wat Hy doen. Maar dit is ook in ons gebede dat ons heers as konings. Verstommend soos wat dit is, is ons gebede ingewerk in God se oordele – beide die oordele tot met die wederkoms, maar ook selfs die finale oordeel! Kom ons dink prakties hieroor: Ons het al baie keer gebid dat God die wêreld tot hulle sinne moet ruk sodat hulle beseft die dinge wat hulle mee besig is, is leeg en tydelik. En dan kom die coronavirus.....sommers uit die bloute? Nee, dis verhoring van gelowiges se gebede waar hulle biddend gesoek het vir die uitwerk van God se raadsplan!

Mag die fokus van ons gebede primêr wees dat God verheerlik word deurdat Sy raadsplan in vervulling gaan, eerder as net persoonlike voorkeure wat slegs tydelike waarde het.